# Ek wil die Rooidag wakkermaak!

**17 November 2022**

**Lees 1 Sam 22:1-5; Ps 57**
**Psalm 57:9** "Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek **die rooidag** wakker maak!"

Na die afgelope paar weke se baie goeie en intensiewe reën, is dit so lekker om vanmôre op te staan en 'n helder wolklose hemel te sien. Die eerste koppie koffie in die tuin en die **Rooidag** breek helder en skoon aan. 'n Mens voel sommer lus om soos ons teksvers dit stel, met harp en lier die rooidag wakker te maak.

Maar Dawid het ook hierdie wonderlike gewaarwording gehad oor 'n heel ander rede. Hy moes vlug vir Saul wat hom wil doodmaak. Daarom gaan skuil hy in die Adullamgrot. Hy kruip weg want hy vrees vir sy lewe. Dit moes baie moeilik gewees het, want sy ouers en familie en vriende vlug ook vir koning Saul en sluit by hom aan sodat hulle later oor die 400 mense was.

Maar Dawid soek hulp by God die Allerhoogste. In vers 2 roep hy na God vir God se genade. Want dit voel vir hom of hy tussen 'n lot leeus is met tande soos spiese en pyle en tonge soos skerp swaarde. Dawid is regtig benoud. Maar hy soek sy skuiling en verlossing by God.

Dan kry Dawid die berusting van die Allerhoogste God en sing hy die besondere woorde:
**Psalm 57:8** "Ek voel weer veilig, o God! Ek voel weer veilig! Ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing.
**Psalm 57:9** "Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek die **rooidag** wakker maak!"

Hy is so bly vir God se nabyheid en God se trou en liefde en versorging dat hy vroeg opstaan en 'n loflied sing tot eer van God.

Ons Here Jesus Christus was tydens sy aardse omwandeling net so uitgelewer aan die versoeking en gevaar. Hy het geweet dat die Fariseërs Hom wou doodmaak. Hy het geweet dat Hy gekruisig moes word. Hy was ook bang en benoud. Ook Jesus het ernstig gebid tot sy Vader om die beker by Hom te laat verbygaan, maar Hy moes die bitter beker drink vir ons, sodat ons gered kon word en die ewige lewe kon verkry.

Ja almal van ons voel deesdae die druk teen ons christenskap, teen die kerk, teen God.
Ons as christene word aangeval van alle kante af op ekonomiese, emosionele, kulturele en godsdienstige gebied. Vir die wêreld is God nie meer die Almagtige nie. God word ontken en misken en in die oë van die wêreld verklein en geminag.

Maar ons weet…**Ons Verlosser leef!**
Hy het ons gered van die dood! Ons is meer as oorwinnaars! Ons het die ewige lewe! Die swaarkry hier op aarde is maar kort en gering en dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid by God.

Daarom, kom ons maak die **Rooidag** wakker. Kom ons loof en prys die Here! Kom ons besing sy grootheid en almag. Kom ons verbly ons in ons Ewige Koning wat ons nooit alleen sal laat nie. Daarom voel ek om Psalm 108:1,2 (die Cloete omdigting te sing)

Vers 1 "Ek voel weer veilig by U Heer; ek wil 'n lied sing tot u eer;

my blydskap Here wil ek vier met mooi musiek van harp en lier."

Vers 2 "**Die rooidag** wil ek wakker maak wanneer ek soggens vroeg ontwaak.
U trou wat reik tot in die wolk besing ek onder elke volk."

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** gskruger1@gmail.com